WERWING: BESIGHEIDSVOORWAARDES

HopkinsCoetzee Genote (Edms) Bpk is ‘n professionele menslike hulpbronne vennootskap wat ‘n verskeidenheid dienste aan sy kliënte bied. Ons spesialiseer veral daarin om top kaliber talent met kliënte se personeelvereistes te versoen.

1. FOOIE

1.1 'n Fooi van 15% plus BTW van die ooreengekome totale salarispakket vir een jaar sal betaalbaar wees deur enige kliënt wat enige persoon as 'n werknemer, in watter hoedanigheid ookal, aanstel as gevolg van die bekendstelling of verwysing na die kliënt deur HopkinsCoetzee Genote binne 'n tydperk van 12 maande ná sodanige bekendstelling of verwysing.

1.2 Indien sodanige werknemer deur 'n filiaal of verwante maatskappy of enige derde party geassosieer met die kliënt, aangestel word, sal die kliënt steeds vir betaling van die volle fooi aanspreeklik wees.

1.3 Die kliënt sal 'n rekening ontvang vóór of by aanvang van die werknemer se dienstydperk en die rekening sal binne 7 dae ná aanvang van sodanige dienstydperk betaalbaar wees. Geen fooi sal van die kliënt gehef word alvorens die kliënt ‘n suksesvolle aanstelling gemaak het nie.

1.4 Bogenoemde fooi is onderhandelbaar in gevalle van 'n ooreengekome ‘eksklusiewe’ konsultasie, of indien die volume besigheid wat by HopkinsCoetzee Genote geplaas word, dit regverdig.

2. KONTRAK AANSTELLINGS

Vir ‘n kontrak van 1 – 5 maande	=	20% van die kontrakwaarde
Vir ‘n kontrak van 6 – 11 maande	=	18% van die kontrakwaarde
Vir ‘n kontrak van 12 maande	=	15% van die kontrakwaarde

Voorbeeld:

Pakket = R10 000 per maand, kontrakperiode = 6 maande, koste = 18%

R10 000 X	6	=	R60 000
R60 000 X	18%	=	R10 800
R10 800 +	14%	=	R12 312

Ons standaard werkwyse is om vooraf ‘n rekening aan ons kliënt te stuur vir die volle kontrakperiode en indien die kontrakteur die kontrak beëindig, betaal ons die balans terug. Indien ‘n kontrakteur ‘n permanente posisie aangebied word, sal die balans van die normale fooi (15% van jaarlikse vergoeding) gehef word.

3. WAARBORG (slegs permanente aanstellings)

3.1 Indien ‘n kandidaat se diensooreenkoms binne 3 maande ná indiensneming beeïndig word, onderneem ons om die kandidaat teen geen ekstra koste nie, te vervang.

Indien ons egter nie binne twee maande 'n geskikte plaasvervanger kan vind nie, sal 50% van die werwingsfooi terugbetaal word.

3.2 Om hierdie waarborg te laat geld, moet betaling binne 7 dae geskied.

3.3 Geen vervanging of terugbetaling sal aangebied word in gevalle van oortolligheid of aflegging nie.

4. ANDER KOSTES

4.1 Advertensies, toetsing, reis, ens., is nie by bogenoemde fooi ingesluit nie en sal met die kliënt ooreengekom word alvorens enige koste aangegaan word.

4.2 Let asseblief daarop dat dit standaard prosedure vir ons is om direkte werwingsprojekte ("head-hunting") te bestuur en dat geen ekstra fooi of vooruitbetaalde paaiemente van toepassing is nie.

5. ALGEMEEN

5.1 HopkinsCoetzee Genote (Edms) Bpk onderskryf die beginsels van die Wet op Diensbillikheid en alle ander relevante arbeidswetgewing en kwalifiseer as ‘n bemagtigde (BEE) organisasie (Vlak 4) en is geregistreer by die Departement van Arbeid as ‘n Werwingsagentskap (WC PRL 2017/02/05). Sertifikate is op aanvraag beskikbaar.

5.2 Ons is verbind tot ‘n eenstop-diens vir werkgewers en om, waar nodig, met behulp van ons spesiaal gekeurde spesialis genote, werkgewers in al hul menslike hulpbron- behoeftes by te staan.

W E R W I N G S V E R S O E K

NAAM VAN KLIëNT/KONTAKPERSOON: .....

NAAM VAN BESIGHEID: .....

ADRES: .....

TELEFOON: ..... FAKS: .....

E-POS: .....

POSSPESIFIKASIE

POSTITEL: .....

RAPPORTEER AAN: .....

LIGGING: .....

REDE VIR VAKATURE: .....

SLEUTELFUNKSIES	**BEVOEGDHEDE BENODIG**
1. _____	**1.** _____
2. _____	**2.** _____
3. _____	**3.** _____
4. _____	**4.** _____
5. _____	**5.** _____
6. _____	**6.** _____

ALGEMEEN

MINIMUM KWALIFIKASIE: .....

JARE EN TIPE ONDERVINDING: .....

DATUM WAAROP PERSOON MOET BEGIN: .....

SALARIS AANGEBIED: .....

BYVOORDELE AANGEBIED: .....

SPESIALE VERSOEKE (REGSTELLENDE AKSIE ENS.): .....

.....

AANVAAR WERWINGSVOORWAARDES: JA/NEE DATUM:.....

GETEKEN: .....

Stuur asb terug aan HopkinsCoetzeet Genote by faks nommer 021-863 0906 of recruitment@hopcal.co.za